So is ons verraai (18)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (8)

Gesondheidsdienste

i. Die styging in lewensverwagting en daling in kindersterftes onder die swart-, Kleurling- en Indiërbevolkings in Suid-Afrika onder die apartheidsregering is ongekend in wêreldverband.

ii. Ter illustrasie word die volgende voorbeelde genoem: die baba mortaliteit onder die Kleurlinge het met 66% verminder, onder swartes het die getal van 174 per 1 000 voordat die apartheidsregering aan bewind gekom het, na 55 per 1 000 verminder. Terselfdertyd het die swart lewensverwagting van 38 jaar na 64 jaar gestyg (*Giliomee, H. in Beeld, 17 Oktober 2000*).

iii. Teen 1975 was daar 108 hospitale met 24 000 beddens net in die tuislande. Aan die begin van die 1980s was daar in die res van die land bykans 300 hospitale vir swartes met 104 000 beddens vir binnepasiënte, dus 1 bed vir 179 mense van hierdie bevolkingsgroep (terselfdertyd was die verhouding vir Nigerië 1 bed vir elke 1 378 individue van die bevolking). Die wêreldklas Baragwanath Hospitaal naby Soweto, was die tweede grootste in Suid-Afrika en Afrika, met 500 voltydse mediese dokters, baie van hulle plaaslik opgeleide swart dokters. Hulle het sowat 1 000 000 buitepasiënte per jaar bedien saam met duisende hospitaalpasiënte (*Amptelike Jaarboek van die RSA 1980/81: 197*).

iv. Afgesien van die "standaard" ofte wel volwaardige hospitale, kon nieblankes ook as buitepasiënte behandeling by honderde munisipale en distriksklinieke dwarsoor die land ontvang, teen minder as 50 VSA sent per besoek.

v. Wat volwaardige hospitale betref: teen betaling van 'n registrasiefooi van ongeveer $1 (een VSA Dollar), kon feitlik alle swart pasiënte gratis hospitaalbehandeling ontvang, met insluiting van akkommodasie, medikasie en kollaterale aspekte soos radiologiese en chirurgiese prosedures, ongeag die vlak van spesialiteit daarvan.

vi. Verskeie immunisering- en voedingsprojekte is van tyd tot tyd op staatskoste geloods.

vii. Waarskynlik die grootste komplimentêre grafskrif vir apartheid gesondheidsdienste kom, snaaks genoeg, van die VN. Die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram het 'n verslag in die nuwe millennium saamgestel waarin bevind is dat die lewensverwagting in die eerste dekade van ANC-

regering in Suid-Afrika gedaal het. Lyke lê tot drie dae in hospitaalbeddens en pasiënte sterf in die postapartheid staatshospitale weens wanadministrasie (*Department of Information: 60-72; Van Zyl Slabbert: 141; Beeld, 15 Maart 2014*).

Maatskaplike dienste

i. Die apartheidsregering het ruimskoots voorsiening gemaak vir maatskaplike dienste vir swartes binne en buite die tuislande.

ii. Die wyse waarop die apartheidstaat omgesien en verantwoordelikheid aanvaar het vir swartes — in hierdie geval die gestremdes, hulpeloses en bejaardes — het enige van die swart Afrikastate weer eens verreweg oortref.

iii. Teen die middel van die 1970s was daar net in die tuislande 80 welsynsinstansies soos weeshuise, versorging en opleidingsentrums vir gestremdes, en ouetehuise; en nog veel meer soortgelyke instansies in die res van Suid-Afrika.